

Maandag 2 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 1:1-7

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense
1:4-6

Die Woord werk omdat God jou uitverkies het

Die uitverkiesing ... dit is deel van God se verborge raad en werk. Voor die grondlegging van die wêreld. Vir ons iets verborge, selfs geheimsinnig. Hier skryf Paulus egter aan mense by wie hy net drie sabbatte gewerk het: *Ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het.* Hoe kon hy dit sê? Hy kon tog nie blaai deur God se Boek van die Lewe nie.

Hy kon dit sê, en hy dank God daarvoor, want God se uitverkiesende liefde verander lewens, maak lewens nuut. So dat dit gemerk kan word. En hierdie nuwe lewe word bepaal deur wat jy met die Woord maak. Of eerder: wat die Woord met jou maak.

Paulus weet dat God hulle uitverkies het. Iets daarvan het hy al ervaar toe hy die Woord aan hulle gebring het en opgemerk het hoe die Heilige Gees hulle met krag oortuig. Nog groter was by hom hierdie sekerheid toe hy merk hoe hulle hierdie woord ontvang het. Te midde van verdrukking en teenslae het hulle die Woord ingeneem met 'n blydschap wat die Heilige Gees alleen in hulle kon werk.

Dit gee God alleen in hulle wat Hy in sy ewige liefde uitverkies het. En dit het hulle lewenskoers verander: *Julle het navolgers van ons geword.*

Weet dit: God se ewige uitverkiesing is wel verborge, maar die vrug daarvan kan gesien en gehoor en geleef word.

Twyfel jy soms aan jou uitverkiesing? Moet dan nie in die verborge raad van God pro-beer delf nie, maar kyk wat jy maak met die evangelie van Jesus Christus wat tot jou ge-kom het. En as jy onverskillig geword het teenoor hierdie Woord, bekeer jou elke dag, want dit ondermyn jou sekerheid van God se liefde en verkiesing.

Sing: *Skrifberyming 1-1:1, 2*

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)